

# Die problematiek van die vertaling van aanspreekvorme in Afrikaans aan die hand van Alan Paton se *Cry, the beloved country*

Anné Engelbrecht

---

Anné Engelbrecht, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap,  
Universiteit van Suid-Afrika

---

## Opsomming

Aanspreekvorme word gebruik om die verhouding tussen gespreksgenote te struktureer (Ponelis 1979:35). In die meeste tale word kwessies soos status, respek en sosiale afstand deur die gebruik van aanspreekvorme aangedui. Ook in Afrikaans is dit die geval. Tydens Suid-Afrika se apartheidsverlede, en ook tydens die jare wat daardie tydperk voorafgegaan het, het ras 'n groot rol in die keuse van aanspreekvorme gespeel. Hierdie asimmetriese magsituasie, en die feit dat Engels slegs van die aanspreekvorm *you* gebruik maak (Ribbens 2004:343), skep 'n groot uitdaging aan literêre vertalers wat uit Engels in Afrikaans vertaal (Baker 2011:108). In hierdie artikel word dié probleem aan die hand van Brümmer (2015) se Afrikaanse vertaling van Alan Paton se bekende roman *Cry, the beloved country* (1948) onder die loep geneem. *Cry, the beloved country* handel oor die onreg en gevare van 'n apartheidsamelewing. In hierdie roman reis die leser saam met Stephen Kumalo, 'n *umfundisi* (dominee), van 'n klein dorpie in Natal na, en deur, Johannesburg, op soek na Kumalo se seun. Kumalo ontmoet verskeie mense tydens sy reis, sommige slegs een keer, en met ander raak hy bevriend. Hoe 'n mens in die Afrikaanse vertaling die oorgang van *u* na *jy* (of die keuse tussen *u* en *jy*) soos bekendheid tussen die karakters toeneem, bewerkstellig, veral wanneer dié aspek nie in die bronteks of -taal voorkom nie, word in hierdie artikel bespreek.

**Trefwoorde:** aanspreekvorme; bronkultuur; brontaal; *Cry, the beloved country*; doelkultuur; doeltaal; literêre vertaling; Paton, Alan; skoposteorie; T-vorm; V-vorm

## Abstract

### **The difficulties of translating forms of address into Afrikaans in respect of Alan Paton's *Cry, the beloved country***

Forms of address are used to structure the relationship between those taking part in a conversation (Ponelis 1979:35). In most languages, aspects such as status, respect and social distance are indicated by the use of forms of address. This is also the case in Afrikaans. During the years of apartheid, as well as during the years preceding that period, race played a big part in the choice of forms of address. This asymmetric power situation, as well as the fact that English makes use only of *you* as a form of address (Ribbens 2004:343), creates a big challenge to literary translators who translate from English into Afrikaans (Baker 2011:108). In this article this problem is discussed with reference to Brümmer's (2015) Afrikaans translation of Alan Paton's well-known novel *Cry the beloved country* (1948).

*Cry, the beloved country*, Alan Paton's world famous debut novel, is described as follows on the back cover of Random House's 2002 edition:

First published in 1948, *Cry, the beloved country* addresses the problem of race relations in South Africa with the scrupulousness of the historian, the sensitivity of the poet, and stands as the single most important novel in twentieth-century South African literature.

Whether the book could indeed (as the quote above claims) be seen as the most important South African novel of the 20th century is debatable, but that it is one of the most successful and widely known South African novels to date can be seen from the book's sales. At the time of Paton's death in 1988 the novel had been published numerous times by many different publishing houses around the world, and more than 15 million copies had been sold (Alexander 1995:222).

Alan Paton was a well-known South African liberal (Alexander 1995:274–326). He gave expression to the liberal ideology through his writing, and later through his involvement in the South African Liberal Party (Alexander 1995:276 and Paton 1988:68). *Cry, the beloved country* is written in the liberal tradition. According to Richard Peck (1997:93) several of South Africa's top-selling English literary works were written in the liberal tradition in protest against the apartheid ideology of the then ruling National Party (NP). Peck (1997:93–107) argues that Alan Paton and (Sir) Laurens van der Post were the best known authors in the South African liberal tradition.

Peck (1997:93) explains the liberal tradition as follows:

Its core beliefs in the sanctity of the individual and the importance of rational argument and morality left it distrustful of politics that relied on groups, power, and ideology. By the same token, however, its belief in rationality and its assumption that bad policy arises from ignorance led liberal writers *to attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions*. (My emphasis)

*Cry, the beloved country* addresses the injustices and dangers of an apartheid society. In this novel, the reader travels with Stephen Kumalo, an *umfundisi* (church minister), from a small town in Natal, to and through Johannesburg in search of his son. Kumalo meets several people during his trip, some only once, and with others he becomes friends.

The circumstances under which black people lived during the years of apartheid, as well as the power that white people had over black people, are revealed to the reader through the book.

Language is also used to show and to enforce power. A good example is the use of racial pejoratives, such as “native” (22); “non-European” (14) and “kaffer” (42). O’Barr (1984:265) explains: “[L]anguage is both a mirror of society and a major factor influencing, affecting and even transforming social relationships.” The social relationships between white people and black people during the apartheid years are also mirrored through the use of forms of address.

The distinction made in Afrikaans between the formal form of address “u” and the informal form of address “jy” causes the power relations that prevailed between white and black during apartheid to be placed in the forefront much more clearly than is the case in the source text.

Brümmer’s (2015:126–82) Afrikaans translation of *Cry, the beloved country* is theoretically founded on Vermeer’s (2001:221) skopos theory and Nord’s (1997b:123) adaptation of the skopos theory by the addition of the concept of *loyalty*.

Vermeer’s (2001:227) functional translation theory states that the goal of each translation determines what the translation should look like. He puts it as follows:

Skopos theory focuses above all on the purpose of the translation, which determines the translation methods and strategies that are to be employed in order to produce a functionally adequate result.

Within Vermeer’s skopos theory (2001:227) the skopos (goal or function) of the target text is more important than that of the source text. As mentioned, Nord adds the concept of *loyalty* to the skopos theory. Loyalty relates to the relationship between the translator and the source text as well as the source text writer.

Nord (1997b:126) explains the concept of loyalty as follows:

Loyalty refers to the interpersonal relationship between the translator, the source text sender, the target text addressees and the initiator. Loyalty limits the range of justifiable target text functions for one particular source text and raises the need for a negotiation of the translation assignment between translators and their clients.

Loyalty brings about the fact that a translator cannot simply change the target text as he wishes.

The skopos of the Afrikaans translation of *Cry, the beloved country* was determined by first determining the skopos of the source text and then comparing this with the function of the

intended target text. In so doing, the skopos of the Afrikaans translation could be determined: to create a target text which, within the current socio-political situation in South Africa (post-apartheid) is as true to the source text as possible.

The phrase “forms of address” is used to refer to the words or titles used by one person to address another. There are a few different forms of address in Afrikaans. Direct and indirect forms of address are examples of these. English also makes use of direct and indirect forms of address. There is, however, one big difference between the use of indirect forms of address in English and Afrikaans.

English makes use of only one indirect form of address, “you” (the so-called T-form, the informal indirect form of address), for both formal and informal situations (Ribbens 2004:343).

As far as Afrikaans is concerned, we know that the V-form (the formal indirect form of address, *u*) was hardly ever used in inter-ethnic communication during the years of apartheid (Bosman and Otto 2015:367).

In the Afrikaans translation of *Cry, the beloved country* the selectors race and social distance played a big role in the choice of forms of address.

When it comes to social distance the main characters, Kumalo and Msimangu, addressed strangers with the V-form and those who were familiar to them with the T-form. The challenge was to determine when to switch from the V-form to the T-form as the characters became more familiar with each other. It was found that the relationship between the two characters involved is the determining factor when it comes to the choice between the V-form and the T-form.

As for the selector race, white characters addressed black characters with the T-form whilst black characters reciprocated with the V-form.

The fact that English makes no distinction between the V-form and T-form made the above-mentioned choices quite difficult and each case had to be decided on separately. The skopos of the target text together with Baker’s (2011:14) guidelines on the “tenor of discourse” made it possible to make good translation choices in the Afrikaans translation.

The fact that the V-form is still regularly used in Afrikaans today (Bosman and Otto 2015:389) means that it will also be a feature of translations into Afrikaans. The Afrikaans Translation of *Cry, the beloved country* has proven this.

**Keywords:** *Cry, the beloved country*; forms of address; literary translation; Paton, Alan; skopos theory; source culture; source language; T-form; target culture; target language; V-form

## 1. Inleiding

Aanspreekvorme (AV'e) is simbole van sosiale strukture, daarom word status (gelykheid, al dan nie) en respek in die meeste tale deur AV'e aangedui. In Afrikaans is dit ook die geval (Bosman en Otto 2015). Ponelis (1979:35) stel dit dat AV'e die verhouding tussen die gespreksgenote struktureer. Die asimmetriese magsituasie wat tydens die apartheidsjare tussen wit en swart geheers het, is in die gebruik van AV'e weerspieël – ras<sup>1</sup> het dus toe 'n rol in die keuse van AV'e gespeel. Hierdie kwessie en die feit dat Engels slegs van die indirekte aanspreekvorm (IAV) *you* gebruik maak (Ribbens 2004:343), stel 'n groot uitdaging aan literêre vertalers wat uit Engels in Afrikaans vertaal (Baker 2011:108).

In 'n onlangse meestersgraadverhandeling getiteld “'n Teoreties gefundeerde, geannoteerde Afrikaanse vertaling van Alan Paton se roman *Cry, the beloved country*” (Brümmer 2015),<sup>2</sup> kom hierdie probleem, onder andere, aan die lig. Hierdie artikel brei daarop uit. Die doel van dié artikel is om lig te werp op die problematiek van die vertaling van AV'e in Afrikaans deur na voorbeelde uit Brümmer (2015:126–82) se Afrikaanse vertaling van Alan Paton se wêreldbekende debuutroman *Cry, the beloved country* (1948) te kyk.

## 2. Die bronteks en die probleemstelling

### 2.1 Die sukses van *Cry, the beloved country*

*Cry, the beloved country* (1948), Alan Paton se wêreldbekende debuutroman, word soos volg op die agterste flapteks van Random House se 2002-uitgawe beskryf:

First published in 1948, *Cry, the beloved country* addresses the problem of race relations in South Africa with the scrupulousness of the historian, the sensitivity of the poet, and stands as the single most important novel in twentieth-century South African literature.

Of dié teks inderdaad (soos die aanhaling hier bo beweer) as die heel belangrikste Suid-Afrikaanse roman van die 20ste eeu beskou kan word, is debatteerbaar – maar dat *Cry, the beloved country* (1948) wel een van die bekendste en suksesvolste Suid-Afrikaanse romans tot dusver is, kan aan die verkoopsyfers gesien word. Teen Paton se dood in 1988 het hierdie roman reeds menigvuldige drukoplae deur verskeie belangrike uitgewers oor die wêreld heen beleef en was daar tóe al meer as 15 miljoen kopieë verkoop (Alexander 1995:222). Die feit dat 'n uitgewer soos die Britse Random House die roman in 2002 (Paton2002) en weer in 2008 (Paton 2008) heruitgegee het, toon dat hierdie 1948-tekste steeds in aanvraag is en wyd gelees word.

'n Verdere aanduiding van die sukses van die roman is die feit dat dit vir verskillende media verwerk is. In 1949 het die Amerikaners Maxwell Anderson (librettis) en die Duits-gebore Kurt Weill (komponis) die roman tot 'n musikale verhoogstuk vir Broadway verwerk onder die titel *Lost in the stars* (Paton 1986:300 en Alexander 1995:221). Weens die artistieke gehalte van hierdie werk word dit meestal nie as 'n “musical play” beskryf nie, maar as 'n “opera” (Alexander 1995:221). Die roman is ook twee keer verfilm. In die 1951-rolprent, met Zoltan Korda as die regisseur, is die rol van Stephen Kumalo deur Canada Lee vertolk.

Charles Carson het die rol van James Jarvis vertolk en Sidney Poitier die rol van Msimangu (Korda 1995). Paton het self gehelp om die teks vir die silwerdoek te verwerk<sup>3</sup> (Alexander 1995:260–4). 'n Tweede film is in 1995 gemaak; dié keer met 'n Suid-Afrikaner, Darrell Roodt, as regisseur en James Earl Jones in die rol van Stephen Kumalo (Roodt 1995).

Binne twee jaar ná die publikasie van *Cry, the beloved country* is die boek in vyf tale vertaal: Duits (*Denn sie sollen getröstet werden*, 1949), Noors (*Ve, mit elskede land*, 1949), Frans (*Pleure, ó pays bien aimé*, 1950), Nederlands (*Tranen over Johannesburg*, 1950) en Fins (*Itke, rakastettu maa*, 1950) (Alexander 1995:230). Die roman is later ook in Arabies, Chinees, Deens, Hebreeus, Indonesies, Japannees, Koreaans, Kroaties, Persies, Portugees, Spaans, Sweeds, Turks, Viëtnames en Yslands vertaal. In Suid-Afrika is dit in Zulu vertaal as *Lafa elihle kakhulu* (1957)<sup>4</sup> en in Tsonga as *Rila, tiko ro rhandzeka swonghasi: ntsheketo wa Exivundzeni* (1984). Ondanks die internasionale sukses van *Cry, the beloved country* het daar egter tot dusver nog geen Afrikaanse vertaling van hierdie roman verskyn nie.

Die roman se sukses word ook onderskryf deur die toekennings waarmee dit bekroon is. In 1949 ontvang Paton twee literêre pryse daarvoor, naamlik die Anisfield-Wolf-toekening in Amerika en die *London Times* Special Book Award in Engeland (Tuttle: Anisfield-Wolf Book Awards en Alexander 1995:230).

## 2.2 *Cry, the beloved country* as Suid-Afrikaanse Engelse roman in die liberale tradisie

Min faktore het so 'n verreikende invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing en geskiedenis uitgeoefen soos die apartheidsideologie, wat gedurende die Nasionale Party (NP) se bewind (1948–1994) by wyse van verskeie beleide en wette afgedwing en toegepas is. Hierdie beleidsrigting het sy invloed reeds in die aanloop tot die bewindsoorname van D.F. Malan se NP-regering in 1948 laat geld.

Apartheid het die mag uitsluitlik in die hande van wit mense geplaas en die regte en bevoegdhede van ander rassegroepe wat deel van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak, ernstig beperk. Hierdie ideologie het sy invloed op alle terreine van die samelewing laat geld; ook in die letterkunde.

Verskeie skrywers (en ander kunstenaars) het apartheid in hulle skryfwerk (en ander kuns) afgewys – Engelstalige skrywers (vanweë die sosiopolitieke situasie) oor die algemeen gouer as Afrikaanstalige skrywers. Volgens Richard Peck (1997:93) is verskeie van Suid-Afrika se topverkoper Engelse literêre werke vanuit die liberale tradisie geskryf in protes teen die apartheidsideologie van die NP. Volgens Peck (1997:93–107) was Alan Paton en Laurens van der Post die bekendste skrywers binne die Suid-Afrikaanse liberale tradisie.

Peck (1997:93) verduidelik die liberale tradisie soos volg:

Its core beliefs in the sanctity of the individual and the importance of rational argument and morality left it distrustful of politics that relied on groups, power, and ideology. By the same token, however, its belief in rationality and its assumption that bad policy arises from ignorance led liberal writers to attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions. (My beklemtoning)

Skrywers binne die liberale tradisie was tegelykertyd wantrouig jeens én gefassineer deur die heersende politiek van hulle tyd – ’n kombinasie wat, volgens Watson (1980:193–252), dikwels in Suid-Afrikaanse skryfwerk te sien is. Binne die konteks van hierdie artikel is dit belangrik om kennis te neem van die liberale skrywers se oogmerk, soos Peck (1997:93) dit in die bostaande aanhaling verwoord: “[T]o attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions”. In hierdie opsig het die Engelstalige Suid-Afrikaanse skrywers binne die liberale tradisie ’n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke landskap gelewer.

Alan Paton was ’n bekende Suid-Afrikaanse liberalis (Alexander 1995:274–326). Hy gee uiting aan die liberale ideologie deur sy skryfwerk, en later ook deur sy betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Liberale Party – as medestigter, en ook as leier van dié party (Alexander 1995:276 en Paton 1988:68). Nie alleen vind heelparty temas eie aan die Suid-Afrikaanse liberalisme in *Cry, the beloved country* neerslag nie (sien Brümmer 2015:58–63),<sup>5</sup> maar ook sluit Paton se twee latere romans, *Too late the phalarope* (1953) en *Ah, but your land is beautiful* (1981), by hierdie tradisie aan (Peck 1997:94–101).

### 2.3 *Cry, the beloved country, die taal van mag en die probleemstelling*

In dié roman, wat oor die onreg en gevare van ’n apartheidsamelewing handel, reis die leser saam met Stephen Kumalo, ’n *umfundisi* (dominee), van ’n klein dorpie in Natal na, en deur, Johannesburg. In sy soeke na sy seun ontmoet Kumalo verskeie mense tydens sy reis: swart mense én wit mense; sommige slegs een keer, maar met ander raak hy bevriend.

Die omstandighede waaronder swart mense tydens die apartheidsjare gelewe het, word baie duidelik deur die verhaal en die vertelling aan die leser geopenbaar. So word daar byvoorbeeld vertel hoe die grond in Ixopo waar die swart mense woon as gevolg van gronderosie nie meer vrugbaar is nie en hulle daarom sukkel om ’n bestaan te maak (Paton 2002:7). Dit veroorsaak dat die meeste jongmense stad toe trek om daar werk te kry. So verander hulle waardes en die landelike stam bestaan later slegs uit enkele lede. Hierdie beeld word gestel teenoor dié van die ryk wit boer James Jarvis wat baie suksesvol is in dieselfde omgewing. Sy grond is vrugbaar en nie oorbeweï nie: “The grass is rich and matted, you cannot see the soil. It holds the rain and the mist, and they seep into the ground, feeding the streams in every kloof. It is well-tended, and not too many cattle feed upon it” (Paton 1948:7; voortaan word slegs bladsynommers verskaf waar daar uit die roman aangehaal word).

Ons lees ook hoe die hoofkarakter, Stephen Kumalo, met die trein na Johannesburg moes reis: “Kumalo climbed into the carriage for non-Europeans” (14) – daar was naamlik aparte waens vir wit en swart mense. Maar die wit mense van daardie omgewing het toe al nie regtig meer trein gery nie: “In this train indeed there where not many others, for the Europeans of this district all have their cars, and hardly travel by train any more” (14). In Johannesburg gekom moes Kumalo in ’n lang tou staan sodat hy ’n buskaartjie kon koop vir ’n bus waarin daar slegs swart mense mag ry (19).

Ook die plek waar Kumalo tuisgaan, Sophiatown, is slegs vir swart mense; so ook baie van die gebiede wat hy besoek om sy seun op te spoor: Claremont (23), Alexandra (36), Orlando (46) en Shanty Town (50). Die ergste is dat swart mense nie eers binne al hierdie gebiede grond kon besit nie. Sommige van hierdie gebiede se grond het byvoorbeeld aan die munisipaliteit van Johannesburg behoort.

It is not far to Claremont. They lie together: Sophiatown, where any may own property, Western Native Township which belongs to the Municipality of Johannesburg, and Claremont, the garbage-heap of the proud city. These three are bounded on the west by the European district of Newlands, and on the east by the European district of Westdene. (27)

En verder:

They run trams from the centre of the city, and part is for Europeans and part for us. But we are often thrown off the tram by young hooligans. And our hooligans are ready for trouble too. (27)

Verder word daar meer vertel oor die houding wat wit mense jeens swart mense gehad het. Toe Kumalo byvoorbeeld uitvind dat sy seun by 'n fabriek in Doornfontein gewerk het, het hy onmiddellik voorgestel dat hulle die fabriek bel om te hoor of sy seun steeds daar werk.

Can we not telephone them? asked Kumalo hesitantly.

His brother laughed. What for? he asked. To ask if Absalom Kumalo is working there? Or to ask if they will call him to the telephone? Or to ask if they will give his address? They do not do such things for a black man, my brother. (27)

Hieruit is dit duidelik dat wit mense tydens die apartheidsjare in so te sê alle opsigte mag oor swart mense gehad het. Deur middel van verskeie wette is daar byvoorbeeld beheer oor die beweging van swart mense uitgeoefen. Afsonderlike woongebiede en 'n afsonderlike onderwysstelsel is daargestel (Liebenberg en Spies 1993:322). Hierdie wette sluit die volgende in: die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike (1948), die Wet op Bevolkingsregistrasie (1950), die Groepsgebiedewet (1950) en die Wet op Bantoe-onderwys (1953) (Dubow 2014:32–74 en Pretorius 2014:329–48).

Die gebeure in die roman is egter nie die enigste aspek van die roman wat inligting oor die apartheidsamelewing oordra nie; die (politieke) mag wat wit mense tydens die apartheidsjare gehad het, word ook weerspieël in die manier waarop taal in dié roman aangewend word. Nie net word taal gebruik om tussen wit en swart karakters te onderskei nie – die taal van die wit karakters weerspieël die styl en register van die King James-Bybelvertaling terwyl die taal van die swart karakters die prosodie van Zulu weerspieël (sien Brümmer 2015:63–8 en 210–2). Taal word ook gebruik om mag aan te dui en af te dwing. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die gebruik van raspejoratiewe soos “native” (22), “non-European” (14) en “kaffer” (42). O'Barr (1984:265) verduidelik: “[L]anguage is both a mirror of society and a major factor influencing, affecting and even transforming social relationships.” Die sosiale verhoudinge tussen wit en swart mense tydens die apartheidsjare word ook in die gebruik van AV'e weerspieël. In hoofstuk 10 van die bronteks spreek Stephen Kumalo en Msimangu byvoorbeeld die jong wit man by die verbeteringskool waar Kumalo se seun pas vrygelaat is, as “sir” (60) aan. Dit is 'n AV wat nie wederkerig gebruik word nie.

In die vertaling van ('n gedeelte van) *Cry, the beloved country* in Afrikaans (Brümmer 2015:126–82) veroorsaak die onderskeid wat in Afrikaans tussen die formele AV *u* en die informele AV *ji* getref word, dat die magsverhoudinge wat toe tussen wit en swart geheers het, baie duideliker op die voorgrond geplaas word as wat die geval in die bronteks is. Hoe



bewerkstellig 'n mens in die Afrikaanse vertaling die oorgang van *u* na  *jy* soos bekendheid tussen die karakters toeneem, veral wanneer dié aspek nie in die bronteks óf -taal voorkom nie?

### 3. Metodologie

#### 3.1 Praktiese benadering

Brümmer (2015) se meestersgraadverhandeling fokus op die praktiese vertaling in Afrikaans van ongeveer 60 bladsye (of 'n kwart) van *Cry, the beloved country*. Die vertaalprobleme wat tydens die vertaalproses ondervind en die besluite wat geneem word, word by wyse van annotasie bespreek. Die annotasies is ooreenkomstig Nord (1997b:58) se vier kategorieë van vertaalprobleme, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme, gestruktureer.

In Brümmer se studie, waarop hierdie artikel gebaseer is, en waar heelparty ander aspekte van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* bestudeer en bespreek word, word daar ook van Venuti (1995:19–20) en House (1997 en 2001) se vertaalteorieë gebruik gemaak. Beide dié teorieë handel oor of 'n teks vir die leser in so 'n mate “vreemd gemaak” moet word dat die leser bewus is van die feit dat hy/sy 'n vertaling lees. By Venuti (1995:19–20) staan dit bekend as “foreignization” (vervreemding) en by House (2001:245) as “overt translation” (overtte vertaling). Of, dat die teks by die doelkultuur aangepas word sodat die leser nie daarvan bewus is dat hy/sy 'n vertaling lees nie. Venuti (1995:19–20) noem dit “domestication” (domestikering) terwyl House (2001:245) van “covert translation” (kovertte vertaling) praat.

Wanneer dit by die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* kom, is die vraag of die leser daarvan bewus moet wees dat hy/sy 'n vertaling lees, al dan nie, nie so belangrik nie. By die Afrikaanse vertaling val die klem eerder op die feit dat die NP se apartheidsideologie 'n Afrikaanse vertaling van die roman bykans onmoontlik gemaak het. Ná 1994 het daar 'n sterk ideologiese verskuiwing in Suid-Afrika plaasgevind, 'n verskuiwing wat 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* vandag moontlik maak. Suid-Afrika se apartheidsverlede moet egter deurentyd in gedagte gehou word. Suid-Afrikaners is na my mening hiperrassensitief. Dink byvoorbeeld aan die twee onlangse gevalle waar studente aan twee voormalige Afrikaanse universiteite (die Universiteit van Pretoria en die Universiteit Stellenbosch) hulle aan “blackfacing” (die swartsmear van die gesig om ander te vermaak) skuldig gemaak het (Kohabane 2014 en Blackface scandal hits Stellenbosch 2014). 'n Meer onlangse voorbeeld is die geval van die voormalige Springbokvleuel Ashwin Willemse wat tydens 'n regstreekse uitsending uit die ateljee geloop het na 'n oënskynlik rasgedrewe onderonsie met Nick Mallett en Naas Botha (De Wee 2018:9 en Boezak 2018). Voorvalle soos hierdie veroorsaak dat 'n mens nie deur vertaalkeuses onnodig aanstoot wil gee nie (sien Munday 2001:130–1).

Dit is as gevolg van bogenoemde dat Nord (1997b) se aangepaste skoposteorie, wat die doel van die doelteks binne die doelkultuur vooropstel, die gekose teorie is waarbinne die Afrikaanse vertaling van Alan Paton se roman *Cry, the beloved country* (1948) gefundeer is.

### 3.2 Teoretiese benadering

Die vertaling (sien Brümmer 2015:126–82) is teoreties gefundeer in Vermeer (2001:221) se skoposteorie en Nord (1997b:123) se aanpassing van die skoposteorie deur die byvoeging van die begrip *lojaliteit*.

Bogenoemde teorieë en die wyse waarop hulle aangewend word, word vervolgens kortliks bespreek.

#### 3.2.1 Die skoposteorie

Vermeer (2001:227) se funksionele vertaalteorie gaan daaroor dat die doel van elke vertaling bepaal hoe die doelteks moet lyk. Hy stel dit soos volg:

Skopos theory focuses above all on the purpose of the translation, which determines the translation methods and strategies that are to be employed in order to produce a functionally adequate result.

Vermeer (2001:227) wil met die skoposteorie 'n algemene vertaalteorie vir alle tekstipes daarstel. Die basiese reëls van sy teorie kan soos volg uiteengesit word (Reiss en Vermeer 1984:119, vertaal deur Munday 2001:79):

1. 'n Doelteks word deur sy skopos bepaal.
2. 'n Doelteks is 'n inligtingsaanbod<sup>6</sup> in 'n doelkultuur en doeltaal, wat oor 'n inligtingsaanbod in 'n brontaal en brontekstuur handel.
3. 'n Doelteks se inligtingsaanbod is nie direk omkeerbaar nie. (Met ander woorde: die doelteksfunksie kan van die bronteksfunksie verskil.)
4. 'n Doelteks moet intern koherent wees.
5. 'n Doelteks moet koherent met die bronteks wees.

Bostaande vyf reëls staan in hiërargiese volgorde en is ondergeskik aan die skoposreël.

Volgens hierdie reëls is die skopos of doel van die doelteks belangriker as dié van die bronteks. Ingevolge die skoposteorie is die status van die bronteks veel laer as in vroeëre ekwivalensieteorieë, waar die doelteks selfs woord vir woord ekwivalent moes wees aan die bronteks. Nord (1997b:45) stel dit soos volg:

In the equivalence models, the source text and its “value(s)” are considered to be the one and only standard, to which the translator has to subordinate any decision in the translation process.

Bogenoemde opvatting is in ooreenstemming met Catford (1965:20) se definisie van ekwivalente vertaling of letterlike vertaling as “the replacement of textual material in one language [brontaal] by equivalent material in another language [doeltaal]”.

Binne die funksionele skoposteorie bepaal die skopos van 'n vertaling (en nie die bronteks nie) hoe die uiteindelijke doelteks gaan lyk.

### 3.2.2 Die begrip lojaliteit

Soos reeds onder 3.2.1 genoem is, is ekwivalensieteorieë nie meer voldoende vir vertaling in die 21ste eeu nie – dit gaan nie meer nét oor die bronteks nie. Ander faktore moet ook in ag geneem word, soos wie die doeltekslesers is en hoe ver die bronkultuur van die doelkultuur verskil. Daarom het dit nodig geword om na alternatiewe teorieë te kyk. Volgens Nord (1997a:44–5) sal die ideale teorie die volgende soort model moet wees:

1. a *pragmatic model* which takes account of the situational conditions of communicative interaction and, accordingly, of the needs and expectations of the addressees or receivers of the TT [target text]
2. a *culture-oriented model* giving consideration to the culture-specific forms of (verbal and nonverbal) behaviour involved in translation
3. a *consistent model* able to establish a coherent theoretical and methodological framework which may serve as a guideline for an intersubjective justification of the translator's decisions in any type or form of translation task,
4. a *comprehensive model* which can be applied to all text types, both literary and non-literary, and to translation into and out of the foreign language
5. an “*anti-universalist*” model which allows for culture-specific differences in translational concepts
6. a *practical model* capable of accounting for all forms of transcultural communication needed in professional translation practice
7. an *expert model* which gives translators the prestige of being experts in their field, competent to make purpose-adequate decisions in full responsibility towards their partners.

Volgens Nord (1997a:47) voldoen Vermeer se skoposteorie aan die meeste van hierdie vereistes. Nord voeg egter die begrip *lojaliteit* by die skoposteorie. Hierdie aspek het betrekking op die verhouding tussen die vertaler en die bronteks en die bronteksskrywer.

Nord (1997b:126) verduidelik die begrip *lojaliteit* soos volg:

Loyalty refers to the interpersonal relationship between the translator, the source text sender [die bronteksskrywer], the target text addressees [die doeltekslesers] and the initiator [dit kan 'n persoon of instansie wees, byvoorbeeld 'n uitgewer; in hierdie geval is die inisieerder en die vertaler dieselfde persoon of entiteit]. Loyalty limits the range of justifiable target text functions for one particular source text and raises the need for a negotiation of the translation assignment between translators and their clients [die persoon of instansie wat die vertaling geïnisieer het].

Die begrip *lojaliteit* bring mee dat 'n vertaler se interpretasie van die skrywer se boodskap, en dus die vertaling daarvan, so getrou as moontlik aan die skrywer se boodskap is. Lojaliteit veroorsaak dus dat 'n vertaler nie sommer aan die doelteks kan verander soos hy wil nie.

### 3.3 Die doeltekskopos

Nog voor 'n mens die skopos van die doelteks kan bepaal, en hier gaan dit oor die vertaler se interpretasie van wat die skopos van die bronteks is (sien ook Swart 2009:28), is dit nodig om eers die bronteks te ontleed om sodoende vas te stel wat die funksie van die bronteks is. In

die voorwoord van die 1987-uitgawe van *Cry, the beloved country* verduidelik Paton self watter tipe boek dit is:

So many things have been written about this book that I would not add to them if I did not believe that I know best what kind of book it is. It is a song of love for one's far distant country, it is informed with longing for that land where they shall not hurt or destroy in all that holy mountain, for that unattainable and ineffable land where there shall be no more death, neither sorrow, nor crying, for the land that cannot be again, of hills and grass and bracken, the land where you were born. It is a story of the beauty and terror of human life, and it cannot be written again because it cannot be felt again. Just how good it is, I do not know and I do not care. All I know is that it changed our lives. It opened the doors of the world to us, and we went through. (Paton 1987, Voorwoord)

In 1948 skryf Paton die volgende in 'n ongetitelde gedig:

Must you always write of black men and Indians,  
Of half-casts and Jews, Englishmen and Afrikaners,  
Of problems insoluble and secret fears  
That are best forgotten?  
You read the paper, you post your letters,  
You buy at the store like any normal being.  
Why then must you write such things?

Madam, really, since you ask the question,  
Really, Madam, I do not like to mention it  
But there is a voice that I cannot silence.  
It seems that I have lived for this, to obey it  
To pour the life-long accumulation  
Of a thousand sorrowful songs.  
I did not ask for this destination  
I did not ask to write these same particular songs.  
(Paton 1995:73).

Hieruit blyk dit dat Paton hom geroepe gevoel het om *Cry, the beloved country* te skryf: “[T]here is a voice that I cannot silence./ It seems that I have lived for this, to obey it/ To pour the life-long accumulation/ Of a thousand sorrowful songs.”

Die resensente het dadelik Paton se passie vir die mensdom raakgesien en in hulle resensies daaroor geskryf:

[a] novel of absorbing interest told by a passionate humanitarian with a complete command of his subject [...] a book to read and remember. Paton's prose is almost Biblical in its simplicity; his passion for humankind is Biblical too. (Alexander 1995:220)

Uit bostaande is dit duidelik dat Paton se bedoeling met *Cry, the beloved country* by die oogmerk van die liberale tradisie, soos vroeër aangehaal, aansluit.

Nord (1992:42) beskou die funksie van die bronteks as die belangrikste kriterium waaraan die semantiese en sintaktiese eienskappe van daardie teks ondergeskik is. In vertaling is dit dus belangrik dat die doelteks dieselfde funksie as die bronteks het, terwyl die semantiese en sintaktiese eienskappe van die bron- en doelteks maar kan verskil. Nord dui ook aan dat die ontleding van die bronteks gebaseer moet wees op 'n pragmatiese model wat beide die intratekstuele en ekstratekstuele faktore van kommunikasie in ag neem (43). Nord skryf verder dat die wisselwerking tussen ekstra- en intratekstuele faktore deur die volgende vrae, wat op die New Rhetoric-formule gebaseer is, duidelik gemaak word; die skopos en kommunikatiewe funksie van die bronteks én die doelteks kan bepaal word deur hierdie vrae te beantwoord:

Who transmits to whom, what for, by which medium, where, when, why a text with what function? On what subject matter does he say what (what not), in what order, using which non-verbal elements, in which words, in what kind of sentences, in which tone, to what effect? (Nord 1992:43)

Eers ná die ontleding van die bronteks is dit moontlik om die skopos van die doelteks te bepaal. Indien die vertaling in opdrag van 'n ander persoon of instansie (die inisieerder van die vertaling) gedoen word, is dit nodig om vas te stel of die vertaalopdrag met die funksie(s) van die bronteks ooreenstem; indien die inisieerder se opdrag nie met die funksie(s) van die teks ooreenstem nie, kan daar gewoon nie met die vertaling voortgegaan word nie. Soms is die inisieerder en die vertaler dieselfde persoon, soos in die geval van die MA-studie waarop hierdie artikel gebaseer is. Bogenoemde beginsel geld egter steeds.

Deur sommige van Nord (1992:43) se bogenoemde vrae te beantwoord, is dit moontlik om die skopos van Paton se *Cry, the beloved country* – die bronteks in hierdie studie – te bepaal, of soos Nord (1997a:92) dit stel, “die vertaler se interpretasie” van die skopos van die bronteks (sien ook Swart 2009:28). Daarna kan die vertaler se interpretasie van die skopos van die doelteks bepaal word deur dieselfde vrae te beantwoord met die doeltekslesers en doeltekskultuur in gedagte.

Die vrae wat beantwoord is om die skopos van die bronteks te bepaal, en na aanleiding daarvan die skopos van die doelteks, word in die volgende tabel weergegee (sien die antwoorde op hierdie vrae in Brümmer 2015:109–21):

Vrae oor bronteks	Vrae oor doelteks
a. Wie is die bronteksskrywer?	a. Wie is die doelteksskrywer?
b. Aan wie is die bronteks gerig?	b. Aan wie is die doelteks gerig?
c. Wat is die bronteksskrywer se bedoeling met die bronteks?	c. Wat is die vertaler se bedoeling met die doelteks?
d. Waar en wanneer het die bronteks ontstaan?	d. en e. Wanneer en waarom ontstaan die doelteks?
e. Waarom is die bronteks geskryf?	
f. Wat is die bedoelde funksie van die bronteks?	f. Wat is die bedoelde funksie van die doelteks?

g. Waaroor handel die bronteks?	g. Waaroor handel die doelteks?
h. Watter tipe woorde en sinne word in die bronteks gebruik?	h. Watter tipe woorde en sinne word in die doelteks gebruik?
i. Watter uitwerking het die bronteks op die brontekslesers gehad?	i. Watter uitwerking behoort die doelteks op die doeltekslesers te hê?

Vergelyk 'n mens die antwoorde op die vrae oor die skopos van die bronteks met die antwoorde op dieselfde vrae oor die skopos van die doelteks, is dit duidelik dat die doelteks nie dieselfde funksie in die doelkultuur moet vervul as wat die bronteks in die bronkultuur moes vervul het nie. Binne die doelkultuur vertel die doelteks vandag 'n verhaal uit die verlede, terwyl die bronteks destyds (in 1948) 'n verhaal oor die hede binne die bronkultuur vertel het, en ook 'n toekomspektief gebied het.

Soos reeds genoem, toon die feit dat die Britse uitgewer Random House die roman in 2002 (Paton2002) en weer in 2008 (Paton 2008) heruitgegee het, dat dié teks vandag nog gereeld gelees word en daarom nog ter sake is. Die groot aantal jare wat sedert die publikasie van die bronteks verloop het (meer as ses dekades), asook die veranderde sosiopolitieke landskap van Suid-Afrika – die oorgang van die apartheidstydperk na 'n demokratiese Suid-Afrika – veroorsaak egter dat 'n mens nie in alle gevalle aan die bronteks getrou kan bly nie. Die beste voorbeeld hiervan is die vertaling van raspejoratiewe (sien 3.7.1 en 5.4.2).

Die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* is dus om 'n doelteks te produseer wat binne die huidige sosiopolitieke situasie in Suid-Afrika (postapartheid) so getrou as moontlik aan die bronteks is.

#### 4. Aanspreekvorme

Die term *aanspreekvorm* (AV) word oorkoepelend gebruik vir enige woord of titel wat een persoon gebruik om 'n ander persoon mee aan te spreek. In Afrikaans is daar verskeie soorte AV'e wat hieronder bespreek gaan word. Die verskille tussen die gebruik van AV'e in Engels en in Afrikaans word ook aangeraak voordat daar na die AV'e in die bronteks gekyk word.

##### 4.1 Soorte aanspreekvorme wat in Afrikaans voorkom

Bosman en Otto (2015:365) stel in 'n onlangse artikel voor dat die Afrikaanse AV-terminologie gestandaardiseer word. Hulle voorgestelde terminologie word in hierdie artikel gebruik.

###### 4.1.1 Direkte aanspreekvorme

Direkte aanspreekvorme (DAV) word gebruik wanneer 'n mens iemand aanspreek om die persoon te identifiseer of sy aandag te trek.

Volgens Combrink (1987:15) gee 'n DAV altyd iets te kenne oor:

- a) die aangesprokene
- b) die spreker
- c) die formaliteitsgraad en sekere ander aspekte van die kommunikatiewe situasie
- d) die tipe sosiale interaksie tussen spreker en aangesprokene(s).

Volgens Ponelis (1979:35) het die DAV twee hoof funksies, naamlik om die aandag van die aangesprokene te verkry, en om die verhouding tussen die gespreksgenote te struktureer. Die tweede funksie is veral van toepassing op indirekte AV.

#### 4.1.2 Indirekte aanspreekvorme

Bosman en Otto (2015:364) voer aan dat 'n indirekte 'n verskeidenheid vorme in Afrikaans aanneem:

Dit mag voorkom nadat die direkte AV gebruik is, maar ook waar daar geen direkte AV voorafgaan nie. Die tweede aanspraak kan byvoorbeeld 'n herhaling van die eerste aanspraak wees, maar is ook tipies die voornaamwoorde *u*,  *jy* en *julle*.

Wybenga (1981:114 e.v.) identifiseer die volgende agt vorme van die IAV op grond van sy vraelysstudie:

- a. Die nulvorm  
*Kan die chauffeur nie die motor 'n bietjie vorentoe trek nie?*
- b. Jy
- c. U
- d. Die R-vorm (herhaling van die eerste AV)  
*Ma, kan ek Ma help om Ma se kamer skoon te maak?*
- e. Julle teenoor 'n enkele persoon  
Aan 'n apteker: *Het julle iets vir verkoue?*
- f. Ons  
Teenoor 'n jong meisie: *Is ons mamma weg?*
- g. Derdepersoonsvorme  
Teenoor 'n meisie: *Hoekom huil sy so?*

Sommige van Wybenga (1981) se voorbeelde hier bo kan ook as *vermydingsvorme* getipeer word. 'n Vermydingsvorm word gebruik wanneer “[s]prekers [...] die té formele *u* of die té familiêre  *jy* [wil] vermy” (Bosman en Otto 2015:365).

Bosman en Otto (2015:365) meen dat die *herhalingsvorm* in Afrikaans besonder opmerklik is as vermydingsvorm. Die herhalingsvorm word gebruik om iemand in die derde persoon aan te spreek. Volgens Bosman en Otto (2015:365) is die “herhaling van die voornaam of titel: *meneer, mevrou, pappa, mamma, oom, tannie* tipiese voorbeelde van die herhalingsvorm in Afrikaans. Die volgende voorbeeld, aangehaal uit Wybenga (1981:114), illustreer die herhalingsvorm uitstekend:

*Ma, kan ek Ma help om Ma se kamer skoon te maak?*

In Engels word daar ook van direkte en indirekte AV'e gebruik gemaak. Daar is egter een groot verskil tussen die gebruik van veral IAV'e in Engels en Afrikaans. Hierdie verskil word volgende bespreek.

#### 4.2 *Verskille tussen aanspreekvorme in Engels en Afrikaans*

Hier moet daar eers na die ondersoek van Brown en Gilman (1960) verwys word. In hulle klassiek-geworde artikel gee hulle 'n uiteensetting van die semantiese evolusie van die sogenaamde T-vorme (informele indirekte AV'e) en V-vorme (formele indirekte AV'e) in 'n aantal Indo-Europese tale soos Latyn, Engels, Frans, Italiaans, Spaans en Duits. Bosman en Otto (2015:367) som dié artikel verder op:

Die V-vorm (van die Latyn *vos*, die meervoudsvorm van die tweedepersoonsvoornaamwoord) is aanvanklik gebruik om Romeinse keisers aan te spreek en het mettertyd ontwikkel tot die formele AV, wat onder meer gebruik word om 'n asimmetriese magsverhouding tussen gespreksgenote van ongelyke status aan te dui. Na hierdie ontwikkeling verwys Brown en Gilman as die magsemantiek.

Brown en Gilman se ondersoek toon aan hoe die voornaamwoorde van mag, in sommige tale meer as in ander, plek gemaak het vir die T-vorm van solidariteit gedurende die 20ste eeu: “[A]ll our evidence consistently indicates that in the past century the solidarity semantic has gained supremacy” (1960:259). Dit is die geval in die meeste Indo-Europese tale; Engels en Afrikaans (tydens die apartheidsjare) is egter uitsonderings:

Engels maak, net soos Afrikaans, van direkte en indirekte AV'e gebruik. Die groot verskil in die gebruik van AV'e in dié twee tale, en die aspek wat Engels 'n uitsondering maak, lê in die feit dat Engels geen verskil tussen die formele IAV *u* (die V-vorm) en die informele IAV'e *ji/julle* (die T-vorm) tref nie:

Most of us in speaking and writing English use only one pronoun of address; we say “you” to many persons and “you” to one person. The pronoun “thou” is reserved, nowadays, to prayer and naïve poetry, but in the past it was the form of familiar address to a single person. At that time “you” was the singular of reverence and of polite distance and, also, the invariable plural. In French, German, Italian, Spanish and the other languages most nearly related to English there are still active two singular pronouns of address. The interesting thing about such pronouns is their class association with two dimensions fundamental to the analysis of all social life – the dimensions of power and solidarity. (Brown en Gilman 1960:252)

Oor hoe dit gekom het dat Engels vandag slegs van “you” gebruik maak, skryf Brown en Gilman (1960:268):

In English at large, of course, “thou” is no longer used. The explanation of its disappearance is by no means certain; however, the forces at work seem to have included a popular reaction against the radicalism of Quakers and Levelers and also a general trend in English toward simplified verbal inflection.



Brown en Gilman (1960) het die vraelys waarop hulle klassieke studie gegrond is, ook aan twee Afrikaanssprekendes gestuur. Hulle bevindinge wys dat die situasie in Afrikaans anders is as in die ander tale wat hulle ondersoek het:

The Afrikaans pattern [...] suggests a more static society and a less developed equalitarian ethic. The forms of address used between Afrikaans-speaking whites and the groups of “coloreds” and “blacks” are especially interesting. The Afrikaaner (sic) uses T, but the two lower casts use neither T nor V. The intermediate caste of “coloreds” says *Meneer* to the white and the “blacks” says *baas*. It is as if these social distances transcend anything that can be found within the white group and so require their peculiar linguistic expressions. (Brown en Gilman 1960:268)

Wat die gebruik van die V-vorm en die T-vorm tussen verskillende rassegroepe betref, meen Bosman en Otto (2015:367) dat “ons [...] uit ons algemene kennis van die sosiaal-politieke bestel wat die grootste deel van die 20ste eeu in Suid-Afrika geheers het, hierdie gevolgtrekking sonder moeite aanvaar, naamlik dat *u* en *jy* in interetniese kommunikasie nouliks ter sprake gekom het.”

Hieruit is dit duidelik dat ras, veral tydens die apartheidsjare, ’n groot invloed gehad het op die taalkeuses wat gespreksgenote tydens ’n gesprek of taaluiting moes maak.

#### ***4.3 Selekteerders wat die keuse van aanspreekvorme beïnvloed***

Selekteerders is faktore wat die keuse van AV’e in verskeie situasies bepaal. In die eerste werklik empiriese studie na AV’e in Afrikaans deur Odendal (1976:105) is die selekteerder volwassenheid/onvolwassenheid die deurslaggewendste wanneer dit by die keuse van AV kom. Dit gaan hier oor die verhouding waarbinne die spreker en die aangesprokene tot mekaar staan. In daardie stadium het volwassenheid vereis dat dié wat nog nie volwasse is nie, hulle met die V-vorm aanspreek terwyl hulle met die T-vorm sou antwoord.

Ander selekteerders kan wees status (werkgewer teenoor werknemer; meerdere teenoor mindere), sosiale afstand (bekendheid teenoor onbekendheid), onderwerp (lughartige onderwerp teenoor ’n formele onderwerp), ras (wit teenoor swart), ouderdom (oud teenoor jonk) en beroep (geskool teenoor ongeskool). Sien ook Bosman en Otto (2015:367–9) en Wybenga (1981:14–6).

Tydens Suid-Afrika se apartheidsverlede, en ook tydens die jare wat dié tydperk voorafgegaan het, het die selekteerder ras ’n groot invloed op die keuse van AV’e gehad (soos onder 4.2 aangedui). Die verhouding tussen wit en swart word onder andere in die gebruik van AV’e in die letterkunde van die tyd weerspieël.

In die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* (sien Brümmer 2015:126–82) is sosiale afstand en ras die belangrikste selekteerders by die keuse van AV’e. Hier onder volg enkele voorbeelde uit die bronteks waar die vertaling van die AV’e nie so voor die hand liggend is nie, juis as gevolg van die gebrek aan die V-vorm in Engels, asook die aanwesigheid van die selekteerders sosiale afstand en ras.

#### 4.4 Aanspreekvorme in die bronteks

Die selekteerders sosiale afstand en ras word hier gebruik om die voorbeelde te kategoriseer. Die Afrikaanse vertalings van hierdie gedeeltes volg onder in die afdeling 5.

##### 4.4.1 Voorbeelde waarin sosiale afstand 'n rol speel in die keuse van AV'e

Hier volg enkele voorbeelde uit die bronteks waar die sosiale afstand (bekendheid teenoor onbekendheid) 'n rol speel in die keuse van die V-vorm teenoor die T-vorm:

(a) Eerwaarde Msimangu stuur 'n brief uit Johannesburg aan Kumalo in Ndotsheni, Natal, waarin hy hom meedeel dat sy (Kumalo se) suster baie siek is en dat Kumalo daarom na Johannesburg moet reis. Eerwaarde Msimangu en eerwaarde Kumalo is aan mekaar onbekend – hulle het mekaar nog nooit ontmoet of briewe gewissel nie. Eerwaarde Msimangu se brief lui soos volg:

My dear brother in Christ: I have had the experience of meeting a young woman here in Johannesburg. Her name is Gertrude Kumalo, and I understand she is the sister of the Rev. Stephen Kumalo, St. Mark's Church, Ndotsheni. This woman is very sick, therefore I ask you to come quickly to Johannesburg. Come to the Rev. Theophilus Msimangu, the Mission House, Sophiatown, and there I shall give you some advices. I shall also find accommodation for you, where the expenditure will not be very serious. I am, dear brother in Christ, Yours faithfully,

THEOPHILUS MSIMANGU

(Paton 2002:10).

(b) Ná Kumalo bostaande brief ontvang het, besluit hy om wel na Johannesburg te reis om na sy suster om te sien. Ook om na sy seun, van wie hy baie lanklaas gehoor het, te soek. Onderweg na die stasie het 'n onbekende vriend uit die gemeenskap vir Kumalo gehelp deur sy tas na die stasie te dra. Kumalo bedank die man só:

There is a last whistle and the train is near at last. The parson turns to his companion.

- Friend, I thank you for your help.

- Umfundisi, I was glad to help you. You could not have done it alone. This bag is heavy. (14)

(c) Toe Kumalo uiteindelik in Johannesburg aankom, moes hy met 'n bus na Sophiatown toe ry. Dit is waar eerwaarde Msimangu woon. Kumalo het nie geweet hoe of waar om 'n buskaartjie te koop nie en 'n skelm jong man het gou raakgesien dat Kumalo 'n maklike teiken is, aangebied om vir hom 'n kaartjie te koop en sy geld gesteel.

A young man came to him and spoke to him in a language that he did not understand.

- I do not understand, he said.

- You are a Xosa (sic) then, umfundisi?
- A Zulu, he said.
- Where do you want to go, umfundisi?
- To Sophiatown, young man.
- Come with me then I shall show you. (18)

(d) Kumalo het vir 'n lang ruk in die tou vir die bus gestaan voordat hy besef het dat die jong man hom beroof het. Hy vra toe aan nog 'n vreemde persoon hoe dit werk, waar 'n mens jou kaartjie koop. Die man neem hom op die ou end tot by Msimangu in Sophiatown.

- Mr. Msimangu, I bring a friend to you, the Reverend Kumalo from Ndotsheni.
- Come in, come in, my friends, Mr Kumalo, I am glad to meet you. Is this your first visit to Johannesburg?

Kumalo could not boast any more, he had been safely guided and warmly welcomed. He spoke humbly. I am much confused, he said. I owe much to our friend.

- You fell into good hands. This is Mr. Mafolo [...]
- And you are no doubt hungry, Mr. Kumalo. Mr. Mafolo, will you stay for some food? (20).

(e) In Sophiatown aangekom is eerwaarde Msimangu baie bly om vir Kumalo te ontmoet. Hulle eet dadelik saam. Ná hulle geëet het, neem Msimangu vir Kumalo na die huis waar Kumalo vir die tyd wat hy in Johannesburg is, gaan woon.

I have a place for you to sleep, my friend, in the house of an old woman, a Mrs. Lithebe, who is a good member of our church. She is an Msutu, but she speaks Zulu well. She will think it an honour to have a priest in the house. (21)

(f) By mev. Lithebe se huis vertel Msimangu vir Kumalo meer oor sy suster (Kumalo se suster), dat sy 'n prostituut is, dobbel en bier brou. Kumalo is geskok om dit te hoor, maar daar is nóg iets waaroor hy hom bekommer:

- I have another great sorrow.
- You may tell me.
- I should be glad to tell you.

But then he was silent, and tried to speak and could not, so Msimangu said to him, Take your time, my brother. [...]

- We shall try to find him, my brother. Perhaps your sister will know. (24).

(g) Die volgende dag het Msimangu vir Kumalo na sy suster toe geneem.

They sit down, she is silent upon her chair.

- I have come, he said.
- It is good.
- You did not write.
- No, I did not write.
- Where is your husband?
- I have not found him, my brother.
- But you did not write. (28)

(h) Van hier af ontmoet Kumalo sy broer, wat vir hom 'n leidraad gee van waar sy seun moontlik kan wees. Kumalo en Msimangu gaan van plek na plek op soek na sy seun: van Sophiatown na Claremont, na Alexandra, na Orlando en na die plakkerskamp met die naam Shanty Town. By al hierdie plekke ontmoet Kumalo en Msimangu nuwe mense. Elke keer word hierdie mense uitgevra oor Kumalo se seun. Elke keer woon die seun nie meer by die betrokke mense nie, en dan moet Kumalo en Msimangu die nuwe leidrade verder volg.

- Good morning, mother.

The woman was clean and nice-looking, and she smiled at them in a friendly way.

- Good morning, Umfundisi.
- Mother, we are looking for a lad, Absalom Kumalo.
- He stayed with me, umfundisi. We took pity on him because he had no place to go. But I'm sorry to tell you that they took him away, and I heard that the magistrate had sent him to the reformatory.
- The reformatory?
- Yes, the big school over there [...]
- I must thank you, mother. Stay well. (58)

#### 4.4.2 Voorbeelde waarin ras 'n rol speel in die keuse van AV'e

(a) Nadat Kumalo en Msimangu by mev. Hlatshwayo gehoor het dat Absalom na die verbeteringskool geneem is (sien voorbeeld (h) hier bo), het hulle dié skool gaan besoek met die hoop dat Absalom steeds daar is. Daar ontmoet hulle die hoof van die verbeteringskool, 'n jong, wit, Afrikaanssprekende man.

- We are looking, sir, for the son of my friend, one Absalom Kumalo, said Msimangu in the same language.
- Absalom Kumalo. Yes, I know him well. Strange, he told me he had no people.
- Your son told him, my friend, that he had no people, said Msimangu in Zulu.
- He was no doubt ashamed, said Kumalo. I am sorry, he said to Msimangu in Zulu, that I speak no Afrikaans. For he had heard that sometimes they do not like black people who speak no Afrikaans.
- You may speak what you will, said the young man. Your son did well here, he said. He became one of our senior boys, and I have great hope for his future.
- You mean, sir, that he is gone?
- Gone, yes, only one month ago. (60)

Die voorbeeld hier bo is die enigste voorbeeld uit die gedeelte van die bronteks wat vir die doel van die MA-studie vertaal is waar ras as selekteerder vir die gebruik van AV'e optree. Op ander plekke, later in die bronteks, kom daar egter nog voorbeelde voor.

## 5. Oplossings vir die vertaling van aanspreekvorme in *Cry, the beloved country* na Afrikaans

Wanneer daar 'n keuse tussen die V-vorm (formele IAV; *u* in Afrikaans) en die T-vorm (informele IAV; *ji* in Afrikaans) gemaak moet word, is dit belangrik om die skopos van die doelteks, die sosiopolitieke omstandighede van die tyd waarin die bronteks afspeel, sowel as die huidige norm vir die gebruik van hierdie vorme in gedagte te hou. Die verhouding waarin die betrokke karakters met mekaar staan, speel egter die deurslaggewende rol.

Baker (2011:14) noem dit “tenor of discourse”. Dit is 'n abstrakte term vir die verhoudings tussen die mense (karakters) wat aan 'n gegewe diskoers deelneem. Baker (2011:14) verduidelik verder:

Getting the tenor of discourse right in translation can be quite difficult. It depends on whether one sees a certain level of formality as “right” from the perspective of the source culture or the target culture. [...] What the translator opts for on any given occasion will of course depend on what he or she perceives to be the overall purpose of the translation.

In die onderstaande drie voorbeelde is daar telkens op die V-vorm besluit. Die rede hiervoor is dat die karakters in voorbeelde (a), (c) en (d) (sien 4.4.1) aan mekaar onbekend is. Hulle is vreemdelinge vir mekaar.

Voorbeeld (a) is die brief van die eerwaarde Msimangu wat daartoe aanleiding gegee het dat Kumalo na Johannesburg toe gegaan het. Msimangu het nie vir Kumalo geken (hom nog nie

ontmoet nie) toe hy die brief aan hom geskryf het nie. In voorbeeld (d) vind die eerste ontmoeting tussen Msimangu en Kumalo plaas.

In die geval van (c) is dit die enigste ontmoeting tussen dié karakters in die bronteks. In hierdie voorbeeld word die V-vorm gebruik omdat die skelm jong man Kumalo se vertrouwe probeer wen sodat hy Kumalo se geld kan steel deur voor te gee dat hy vir Kumalo sal help om 'n buskaartjie te gaan koop. Die gebruik van die V-vorm veroorsaak dat hy nog meer na 'n agtermekaar jong man lyk. Hy kry dit toe ook reg om 'n pond by Kumalo te steel.

Bronteks	Doelteks
<p><b>a.</b> My dear brother in Christ: I have had the experience of meeting a young woman here in Johannesburg. Her name is Gertrude Kumalo, and I understand she is the sister of the Rev. Stephen Kumalo, St. Mark's Church, Ndotsheni. This woman is very sick, therefore I ask you to come quickly to Johannesburg. Come to the Rev. Theophilus Msimangu, the Mission House, Sophiatown, and there I shall give <b>you</b> some advices. I shall also find accommodation for <b>you</b>, where the expenditure will not be very serious. I am, dear brother in Christ, Yours faithfully,</p> <p style="text-align: right;">THEOPHILUS MSIMANGU</p> <p>(Paton 2002:10)</p>	<p>My geliefde broeder in Christus, Ek het 'n jong vrou hier in Johannesburg ontmoet. Haar naam is Gertrude Kumalo en ek verstaan dat sy die suster is van eerw. Stephen Kumalo, van die Kerk van Sint Markus in Ndotsheni. Hierdie jong vrou is baie siek, en daarom versoek ek <b>u</b> om so gou as moontlik Johannesburg toe te kom. Kom na eerw. Theophilus Msimangu by die sendingstasie in Sophiatown, en daar sal ek <b>u</b> adviseer. Ek sal ook bekostigbare akkommodasie vir <b>u</b> reël. Ek is, geliefde broeder in Christus, die uwe,</p> <p style="text-align: right;">THEOPHILUS MSIMANGU</p> <p>(Brümmer 2015:130)</p>
<p><b>c.</b> A young man came to him and spoke to him in a language that he did not understand.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- I do not understand, he said.</li> <li>- <b>You</b> are a Xosa then, umfundisi?</li> <li>- A Zulu, he said.</li> <li>- Where do <b>you</b> want to go, umfundisi?</li> <li>- To Sophiatown, young man.</li> <li>- Come with me then I shall show <b>you</b>.</li> </ul> <p>(18)</p>	<p>'n Jong man kom nader en praat met hom in 'n taal wat hy nie verstaan nie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ek verstaan nie, sê hy.</li> <li>- Is <b>u</b> dan 'n Xhosa, Umfundisi?</li> <li>- 'n Zulu, sê hy.</li> <li>- Waarheen wil <b>u</b> gaan, Umfundisi?</li> <li>- Na Sophiatown toe, jongman.</li> <li>- Kom dan saam met my, ek sal <b>u</b> die pad wys.</li> </ul> <p>(138)</p>
<p><b>d.</b> - Mr. Msimangu, I bring a friend to <b>you</b>, the Reverend Kumalo from Ndotsheni.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Come in, come in, my friends, Mr Kumalo, I am glad to meet <b>you</b>. Is this <b>your</b> first visit to Johannesburg?</li> </ul> <p>Kumalo could not boast any more, he had been safely guided and warmly welcomed. He spoke humbly. I am much confused, he said. I owe much to our friend.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- <b>You</b> fell into good hands. This is Mr. Mafolo [...]</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Mnr. Msimangu, ek bring 'n vriend na <b>u</b> toe: eerwaarde Kumalo van Ndotsheni.</li> <li>- Kom binne, kom binne, my vriende. Mnr. Kumalo, ek is bly om <b>u</b> te ontmoet. Is dit <b>u</b> eerste besoek aan Johannesburg?</li> </ul> <p>Kumalo kan nie langer voorgee nie. Hy is veilig hierheen gelei en hartlik verwelkom. Hy praat nederig. Ek is baie deurmekaar, sê hy. Ek is ons vriend baie verskuldig.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- <b>U</b> het in goeie hande beland. Dit is mnr. Mafolo [...]</li> </ul>

- And <b>you</b> are no doubt hungry, Mr. Kumalo. (20)	- En <b>u</b> is ongetwyfeld honger, mnr. Kumalo. (139)
---	--

In voorbeeld (b) hier onder gebruik Kumalo die T-vorm om die man wat hom gehelp het om sy tas na die stasie te dra voor sy vertrek na Johannesburg mee aan te spreek, maar hy ontvang die V-vorm. Die rede hiervoor is dat Kumalo as umfundisi 'n gesiene man in sy gemeenskap is. Die V-vorm toon dat hy deur lede van die gemeenskap gerespekteer word, terwyl die feit dat hy van die T-vorm gebruik maak, toon dat hy die meerdere is.

Bronteks	Doeltekst
<p><b>b.</b> There is a last whistle and the train is near at last. The parson turns to his companion. - Friend, I thank <b>you</b> for <b>your</b> help. - Umfundisi, I was glad to help <b>you</b>. <b>You</b> could not have done it alone. This bag is heavy. (Paton 2002:14)</p>	<p>Daar is 'n laaste fluit en die trein is uiteindelik naby. Die priester draai na sy metgesel toe. - Vriend, ek sê dankie vir <b>jou</b> hulp. - Umfundisi, ek is bly ek kon <b>u</b> help. <b>U</b> sou nie alleen reggekom het nie. Dié tas is swaar. (Brümmer 2015:133)</p>

In die volgende voorbeeld ontmoet Kumalo en Msimangu, in hulle soektog na Kumalo se seun, nog 'n onbekende persoon in die plakkerskamp naby Orlando. Dis 'n vrou by wie Absalom Kumalo tuisgegaan het. In hierdie voorbeeld maak beide gespreksgenote van die T-vorm gebruik. Msimangu is aan die woord en in Johannesburg geniet hy 'n gesagsposisie as hoof van die swart Anglikaanse Kerk; hy sal daarom waarskynlik die T-vorm teenoor sy minderes gebruik. Mev. Hlatshwayo maak ook van die T-vorm gebruik. Daar is twee redes hiervoor: sy is ongeskool, en is dus nie daarvan bewus dat 'n mens 'n gesiene persoon in 'n formele register moet aanspreek nie, en hierdie gedeelte vind al redelik laat in die eerste deel van die boek plaas. Na my mening raak dit steurend vir die leser wanneer daar te veel van *u* gebruik gemaak word, veral omdat Msimangu en Kumalo in hulle soektog na Kumalo se seun soveel verskillende mense slegs een keer ontmoet en besoek.

Bronteks	Doeltekst
<p><b>h.</b> - Good morning, mother. The woman was clean and nice-looking, and she smiled at them in a friendly way. - Good morning, Umfundisi. - Mother, we are looking for a lad, Absalom Kumalo. - He stayed with me, umfundisi. We took pity on him because he had no place to go. But I'm sorry to tell <b>you</b> that they took him away, and I heard that the magistrate had sent him to the reformatory. - The reformatory? - Yes, the big school over there [...] - I must thank <b>you</b>, mother. Stay well.</p>	<p>- Goeiemore (sic), Ma. Die vrou is skoon en mooi, en sy glimlag vriendelik vir hulle. - Goeie more, Umfundisi. - Ma, ons is op soek na 'n jong man, Absalom Kumalo. - Hy het by my gebly, Umfundisi. Ons het hom jammer gekry omdat hy nêrens gehad het om heen te gaan nie. Maar ek is jammer om vir <b>julle</b> te sê dat hulle hom weggevat het, en ek het gehoor dat die landdros hom na die verbeteringskool toe gestuur het. - Die verbeteringskool? - Ja, die groot skool daar oorkant [...]</p>

(Paton 2002:58)	- Ek moet <b>jou</b> bedank, ma (sic Ma). Mooi bly. Kom, my vriend. (Brümmer 2015:174)
-----------------	---

Net nadat Kumalo vir Msimangu in voorbeeld (d) hier bo vir die eerste keer ontmoet het (sien 4.4.1), het hulle saam gaan eet. Daarna begin 'n nuwe hoofstuk waarin Msimangu vir Kumalo na die plek neem waar Kumalo gaan bly terwyl hy in Johannesburg is. Van daar af (soos in voorbeelde (e) en (f) hier onder) gebruik beide die T-vorm om mekaar aan te spreek omdat hulle nou aan mekaar bekend is. Die oorgang van die aanvanklike V-vorm tydens die eerste ontmoeting na die T-vorm word nie in die bronteks aangedui nie, omdat dit nie 'n eienskap is wat in Engels voorkom nie. Die leser moet dus aanneem dat daar tydens die ete iets gesê is soos: “Noem my Stephen”, of “Noem my Theophilus”. So 'n gesprek is nie by die doelteks “invertaal” nie. So word daar nader aan die bronteks en aan die doelteksskopos gebly.

Bronteks	Doelteks
<b>e.</b> I have a place for <b>you</b> to sleep, my friend, in the house of an old woman, a Mrs. Lithebe, who is a good member of our church. She is an Msutu, but she speaks Zulu well. She will think it an honour to have a priest in the house. (Paton 2002:21)	Ek het slaapplek vir <b>jou</b> , my vriend, aan huis van 'n ou vrou, ene mev. Lithebe, wat 'n getroue lidmaat van ons kerk is. Sy is 'n Sotho, maar sy praat goed Zulu. Dit sal vir haar 'n eer wees om 'n priester te huisves. (Brümmer 2015:139)
<b>f.</b> - I have another great sorrow. - <b>You</b> may tell me. - I should be glad to tell <b>you</b> . But then he was silent, and tried to speak and could not, so Msimangu said to him, Take <b>your</b> time, my brother. [...] - We shall try to find him, my brother. Perhaps your sister will know. (24).	- Ek het nog 'n groot probleem. - <b>Jy</b> kan my vertel. - Ek sal bly wees om <b>jou</b> te vertel. - Maar dan is hy stil, en probeer praat, maar hy kan nie. Toe sê Msimangu: Neem <b>jou</b> tyd, my vriend. [...] Ons sal hom probeer vind, my vriend. Miskien sal jou suster weet. (143)

In voorbeeld (g) onder 4.4.1 maak Kumalo van die T-vorm gebruik om sy suster, Gertrude, aan te spreek terwyl sy hom “my brother” noem.

In die enigste aangehaalde voorbeeld waar ras as selekteerder dien, maak Msimangu van die V-vorm gebruik om die wit man, die Afrikaanssprekende hoof van die verbeteringskool waar Kumalo se seun uiteindelik beland het, aan te spreek, terwyl die hoof van die verbeteringskool van die T-vorm gebruik maak om vir Msimangu mee aan te spreek. Hierdie gebruik van AV'e is tekenend van die asimmetriese verhouding wat tydens die apartheidsjare tussen wit en swart geheers het (sien ook Bosman en Otto 2015:366–76). 'n Ander oplossing sou kon wees dat Msimangu van die vermydingsvorm moes gebruik maak. Hy sou kon gesê het: “Meneer bedoel dat hy weg is?”, in plaas van: “U bedoel, Meneer, dat hy weg is?”. Daar is teen die vermydingsvorm besluit as gevolg van die feit dat Msimangu as Anglikaanse priester 'n tersiêre opleiding het, en daarom van die V-vorm bewus behoort te wees.



Bronteks	Doelteks
<p>- We are looking, <b>sir</b>, for the son of my friend, one Absalom Kumalo, said Msimangu in the same language.</p> <p>- Absalom Kumalo. Yes, I know him well. Strange, he told me he had no people.</p> <p>- <b>Your</b> son told him, my friend, that he had no people, said Msimangu in Zulu.</p> <p>- He was no doubt ashamed, said Kumalo. I am sorry, he said to Msimangu in Zulu, that I speak no Afrikaans. For he had heard that sometimes they do not like black people who speak no Afrikaans.</p> <p>- <b>You</b> may speak what <b>you</b> will, said the young man. <b>Your</b> son did well here, he said. He became one of our senior boys, and I have great hope for his future.</p> <p>- <b>You</b> mean, <b>sir</b>, that he is gone?</p> <p>- Gone, yes, only one month ago. (Paton 2002:60)</p>	<p>- Ons is op soek, <b>Meneer</b>, na die seun van my vriend: ene Absalom Kumalo, sê Msimangu in dieselfde taal.</p> <p>- Absalom Kumalo. Ja, ek ken hom goed. Snaaks, hy het gesê dat hy geen mense het nie.</p> <p>- <b>Jou</b> seun, my vriend, het vir hom gesê dat hy geen mense het nie, sê Msimangu in Zulu.</p> <p>- Hy het sonder twyfel skaam gekry, sê Kumalo. Ek is jammer, sê hy in Zulu aan Msimangu, dat ek nie Afrikaans kan praat nie. Want hy het gehoor dat hulle soms nie van swart mense hou wat nie Afrikaans kan praat nie.</p> <p>- <b>Jy</b> mag praat net wat <b>jy</b> wil, sê die jong man. <b>Jou</b> seun het goed gedoen hier, sê hy. Hy het een van ons senior seuns geword, en ek het baie hoop vir sy toekoms.</p> <p>- <b>U</b> bedoel, <b>Meneer</b>, dat hy weg is? Weg, ja, net 'n maand gelede. (Brümmer 2015:175)</p>

Op grond van hierdie voorbeelde (sien ook die kategorisering en bespreking van die voorbeelde onder 4.4) kan gesien word dat die keuse tussen die T-vorm en die V-vorm nie so eenvoudig is nie, en dat elke geval afsonderlik beoordeel moet word alvorens 'n vertaalkeuse gemaak kan word.

## 6. Gevolgtrekking

In hierdie artikel is die problematiek van die vertaling van AV'e in Afrikaans bespreek deur na voorbeelde uit Brümmer (2015:126–82) se Afrikaanse vertaling van Alan Paton se debuutroman *Cry, the beloved country* (1948) te kyk.

Die vertaling (sien Brümmer 2015:126–82) is teoreties gefundeer in Vermeer (2001:221) se skoposteorie en Nord (1997b:123) se aanpassing van die skoposteorie deur die byvoeging van die begrip *lojaliteit*. Binne hierdie teoretiese raamwerk is die doel van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* om 'n doelteks te produseer wat binne die huidige sosiopolitieke situasie in Suid-Afrika (postapartheid) so getrou as moontlik aan die bronteks is.

AV'e is simbole van sosiale strukture, en daarom is dit nie vreemd dat sosiale afstand en ras tydens die apartheidsjare waar wit mense aan die stuur van sake was, as selekteerders gedien het in die keuse van AV'e nie (Bosman en Otto 2015:367–9 en Wybenga 1981:14–6). Die asimmetriese magsverhouding wat tydens die apartheidsjare tussen wit en swart geheers het, word deeglik in die bronteks *Cry, the beloved country* uitgebeeld.

Die vertaling van AV'e uit Engels in Afrikaans bly problematies, veral vanweë die feit dat daar in Engels geen onderskeid tussen die formele V-vorm en die informele T-vorm getref word nie. Hierdie artikel toon dat die selekteerders *sosiale afstand* en *ras* 'n deurslaggewende rol by die keuse van AV'e in die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* speel. Met die skopos van die doeltteks in gedagte en Baker (2011:14) se riglyne rondom die gevoel van die diskoers ("tenor of discourse") was dit wel moontlik om goeie vertaalkeuses te maak en om die probleem van die gebrek aan 'n V-vorm in Engels te oorbrug.

Daar moet wel beklemtoon word dat die voorbeelde wat hier gegee is, slegs een vertaalmoontlikheid verteenwoordig. Die voorbeelde moet dus glad nie as die enigste of finale vertaling gesien word nie. Wat die gebruik van AV'e betref, word bogenoemde deur Wybenga (1981:11) beklemtoon wanneer hy sê dat daar 'n duidelike verband tussen AV'e aan die een kant en status en sosiale afstand aan die ander kant is, maar dat hierdie verband nie verabsoluteer moet word nie, want indien 'n individu of groep se status verander, word die AV'e daardeur beïnvloed. Statusverandering veronderstel 'n verandering in sosiale konvensie, wat weer tot alternatiewe vertaaloplossings kan lei.

Op hierdie stadium blyk dit egter dat die V-vorm nog gereeld in Afrikaans gebruik word: "Die hoofgevolgtrekking is dat *u* as AV nog baie bekend is en volgens die oordeel van die ondersoekgroep blykbaar ook nog gebruik word" (Bosman en Otto 2015:389). Om hierdie rede sal *u* ook in vertaling nog gereeld gebruik word, en lewer die Afrikaanse vertaling van Paton se *Cry, the beloved country* van Brümmer (2015:126–82), bewys daarvan.

## Bibliografie

- Alexander, P.F. 1995. *Alan Paton: a biography*. Kaapstad en Oxford: Oxford University Press.
- Baker, M. 2011. *In other words: A course book on translation*. Londen en New York: Routledge.
- Blackface scandal hits Stellenbosch. <http://www.iol.co.za/news/south-africa/western-cape/blackface-scandal-hits-stellenbosch-1.1755477#.VCkwymsX4I> (22 Mei 2018 geraadpleeg).
- Boezak, E. 2018. The Ashwin Willemse saga: Are black people accepted, or merely tolerated? [https://www.huffingtonpost.co.za/echbert-boezak/the-ashwin-willemse-saga-are-black-people-accepted-or-merely-tolerated\\_a\\_23439899](https://www.huffingtonpost.co.za/echbert-boezak/the-ashwin-willemse-saga-are-black-people-accepted-or-merely-tolerated_a_23439899) (22 Mei 2018 geraadpleeg).
- Bosman, N. en A. Otto. 2015. "Moenie my 'jy' en 'jou' nie" – die gebruik van *u* in die 21ste eeu. Resultate van 'n loodsondersoek. *LitNet Akademies*, 12(3):358–93. [http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/12/LitNet\\_Akademies\\_12-3\\_BosmanOtto\\_358-393.pdf](http://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/12/LitNet_Akademies_12-3_BosmanOtto_358-393.pdf).
- Brown, R. en A. Gilman. 1960. The pronouns of power and solidarity. In Sebeok (red.) 1960.
- Brümmer, A. 2015. 'n Teoreties gefundeerde, geannoteerde Afrikaanse vertaling van Alan Paton se *Cry, the beloved country*. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Catford, J.C. 1965. *A linguistic theory of translation*. Londen: Oxford University Press.

- Combrink, J.G.H. 1987. Noem hom op sy naam. Die nut van die vokatief. In Van Jaarsveld (red.). 1987.
- De Klerk, W.J. en F.A. Ponelis (reds.). 1976. *Gedenkbundel H.J.J.M. van der Merwe*. Pretoria: Van Schaik.
- De Wee, M. 2018. ANC-hoë vra kalmte ná rugby-herrie. *Beeld*, 22 Mei, bl. 9.
- Dollerup, C. en A. Loddegaard (reds.). 1992. *Teaching translation and interpreting: training, talent and experience*. Amsterdam: John Benjamins.
- Dubow, S. 2014. *Apartheid 1948–1994*. Oxford: Oxford University Press.
- Gambier, Y. en L. van Doorslaer (reds.). 2001. *Handbook of translation studies; Volume 1*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Gouws, R.H., J. Luther en F. Pheiffer (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson.
- House, J. 1997. *Translation quality assessment: a model revised*. Tübingen: Gunter Narr Verlag Tübingen.
- . 2001. Overt and covert translation. In Gambier en Van Doorslaer (reds.) 2001.E
- Khoabane, P. 2014. Blackface: What are varsities teaching? *The Sunday Independent*, 28 September. <https://www.iol.co.za/sundayindependent/blackface-what-are-varsities-teaching-1756873> (22 Mei 2018 geraadpleeg).
- Korda, Z. (regisseur). 1951. *Cry, the beloved country*. Film [VHS]. Verenigde Koningryk: London Films.
- Kramarae, C., M. Schulz en W.M. O’Barr (reds.). 1984. *Language and power*. Beverly Hills: Sage Publications.
- Liebenberg, B.J. en S.B. Spies (reds.). 1993. *South Africa in the 20th century*. Pretoria: Van Schaik.
- Munday, J. 2001. *Introducing translation studies: theories and applications*. Londen: Routledge.
- Ndlovu, V. 1997. Transferring culture: Alan Paton’s *Cry, the beloved country* in Zulu. MA-verhandeling, Unisa.
- Nord, C. 1992. Text analysis in translator training. In Dollerup en Loddegaard (reds.) 1992.
- . 1997a. A functional typology of translations. In Trosberg (red.) 1997.
- . 1997b. *Translating as a purposeful activity: functionalist approaches explained*. Manchester: St. Jerome.
- O’Barr, W.M. 1984. Asking the right questions about language and power. In Kramarae, Schulz en O’Barr (reds.) 1984.
- Odendal, F.F. 1976. Oor die AV’e in Afrikaans. In De Klerk en Ponelis (reds.) 1976.

- Paton, A. 1953. *Too late the phalarope*. Kaapstad: Jonathan Cape.
- . 1981. *Ah, but your land is beautiful*. Kaapstad: Jonathan Cape.
- . 1986 [1980]. *Towards the mountain*. Londen: Penguin Books.
- . 1987 [1948]. *Cry, the beloved country*. Kaapstad: Jonathan Cape.
- . 1988. *Journey continued*. Kaapstad: David Phillip.
- . 1995. *Songs of Africa: collected poems*. Durban: Geco Books.
- . 2002 [1948]. *Cry, the beloved country*. Kaapstad: Jonathan Cape.
- Peck, R. 1997. *A morbid fascination: White prose and politics in apartheid South Africa*. Londen: Greenwood Press.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Pretorius, F. (red.). 2014. *A history of South Africa: From the distant past to the present day*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Reiss, K. en H.J. Vermeer. 1984. *Grundlegung einer allgemeinen Translationstheorie*. Tübingen: Niemeyer.
- Ribbens, R. 2004. Yes sir, no baas, three bags full. *Alternation*, 11(2):343–64.
- Rood, D. (regisseur). 1995. *Cry, the beloved country*. Film [DVD]. Verenigde State van Amerika en Suid-Afrika: Miramax Films.
- Sebeok, T.A. (red.). 1960. *Style in language*. Cambridge, Mass.: MIT Press.
- Swart, M. 2009. Twee Afrikaanse romans in Engels: 'n Ondersoek na die werkswyses van literêre vertalers. MPhil-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Trosborg, A. (red.). 1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.
- Tuttle, K. s.j. Anisfield-Wolf Book Awards: Alan Paton. <http://www.anisfield-wolf.org/books/cry-the-beloved-country/?sortBy=year> (28 Maart 2018 geraadpleeg).
- Van Jaarsveld, G.J. (red.). 1987. *Wat sê jy: studies oor taalhandelinge in Afrikaans*. Johannesburg: McGraw.
- Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility: a history of translation*. Londen: Routledge.
- Venuti, L. (red.). 2001. *The translation studies reader*. Londen: Routledge.
- Vermeer, H.J. 2001. Skopos and commission in translational action. In Venuti (red.) 2001.
- Viviers, E. 2014. Liefde, politieke broederskap en die verbintnisse van verwerking: Alan Paton se *Cry, the beloved country*. *LitNet Akademies*, 11(1):230–69. [https://litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe\\_11\\_1/11\(1\)\\_GW\\_Viviers.pdf](https://litnet.co.za/assets/pdf/joernaaluitgawe_11_1/11(1)_GW_Viviers.pdf).
- Watson, S. 1980. The liberal ideology and some English South African novelists. MA-verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Wybenga, D.M. 1981. AV'e en wisselende status: 'n Ondersoek na die gebruik van AV'e onder Afrikaanssprekendes in Vanderbijlpark. MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

## Eindnotas

<sup>1</sup> In hierdie artikel verwys die term *ras* na die “vaste erflike eienskappe” (Gouws, Luther en Pheiffer 2015:1034) wat groepe mense van mekaar onderskei. Velkleur is 'n voorbeeld van so 'n erflike eienskap. Die woordverklaring van *ras* in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Gouws, Luther en Pheiffer 2015:1034) werp meer lig hierop: “Groep mense verbind deur 'n gemeenskaplike afkoms, en gekenmerk deur min of meer vaste erflike eienskappe en deur ooreenkoms, veral wat voorkoms betref.”

<sup>2</sup> Hierdie graad is onder leiding van Renée Marais aan die Universiteit van Pretoria voltooi.

<sup>3</sup> In sy artikel “Liefde, politieke broederskap en die verbintenis van verwerking: Alan Paton se *Cry, the beloved country*” (2014) ondersoek Etienne Viviers “biografiese, intellektuele en geskiedkundige koppelings” tussen *Cry, the beloved country* en “twee verbandhoudende verwerkings [...] daarvan” (Viviers 2014:230). Die verwerkings waarna verwys word, is die Amerikaner Maxwell Anderson (librettis) en die Duits-gebore Kurt Weill (komponis) se musiekblyspel uit 1949, *Lost in the stars*, en Zoltan Korda se 1951-filmweergawe van die roman.

<sup>4</sup> Die Zulu-vertaling word noukeurig deur Victor Ndlovu (1997) ontleed en bespreek.

<sup>5</sup> Tersaaklike temas soos die disintegrasie van die stam en die rol van liefde in die heropbou van die samelewing en vrees word breedvoerig in Brümmer (2015:58–63) bespreek.

<sup>6</sup> Vermeer (2001:227) se funksionele skoposteorie is nie hoofsaaklik vir die doel van literêre vertaling ontwikkel nie, maar dit beteken nie dat dié teorie glad nie vir literêre vertaling gebruik kan word nie. 'n Literêre teks is eerder 'n estetiese teks as wat dit 'n informasie-aanbod is. In die geval van *Cry, the beloved country* wou Alan Paton wel *inligting* aan die brontaallesers oordra: hy wou die politieke situasie in Suid-Afrika tydens die laat 1940's onder die brontekstlesers se aandag bring en só hulle harte, én die harte van dié wat toe aan bewind was, verander.